Kudde-immuniteit in SA op 'n naaldpunt vanweë entstofkrisis

SÓ LYK die lewer van 'n kalf met slenkdalkoors, 'n soönotiese siekte wat 'n risiko vir mense inhou. FOTO: PROF. LEON PROZESKY

IN Suid-Afrika is daar al geruime tyd lank nie betyds genoeg voorraad van entstowwe beskikbaar nie. Dié instemming is op 'n vergadering tussen verteenwoordigers van die nasionale dieregesondheidsforum met mnr. Dipepeneneng Serage, waarnemende adjunkdirekteur-generaal van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, en dr. Mpho Maja, direkteur van dieregesondheid, bereik.

Die verteenwoordigers van die departement en die forum is dit eens dat:

- Samewerking met en die betrokkenheid van die private sektor nodig is.
- Wetlike vereistes heroorweeg moet word om die betrokkenheid van die private sektor te huisves.
- Dringende samesprekings nodig is tussen die departement en Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP).

Die departement en die forum sal hul lede en belangegroepe op hoogte hou van die proses. Daar was konsensus dat daar aan albei kante waardering is vir die opbouende betrokkenheid by die aangeleentheid.

Volgens mnr. Gerhard Schutte, voorsitter van die nasionale dieregesondheidsforum, is 'n aantal kwessies en risiko's tydens die vergadering uitgelig.

Hy het verwys na 'n behoeftebepaling wat vir die veebedryf onderneem is en reeds verlede Maart aan me. Thoko Didiza, minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, oorhandig is.

"Daar is tans 11 miljoen beeste, 3 miljoen skape en 7 miljoen bokke in Suid-Afrika. Daarom is byvoorbeeld 10 miljoen dosisse nodig van 'n entstof soos die bloutongentstof. OBP het nie eens naby aan dié hoeveelheid gekom nie. Die instelling was trouens tydens die afgelope tien jaar nie daartoe in staat om die nodige entstowwe op die regte tyd te produseer nie," het Schutte gesê.

Schutte meen dat OBP altyd as 'n strategiese sleutelpunt beskou sal word en altyd spesifieke entstowwe sal vervaardig wat nie deur die private sektor geproduseer word nie. "Tot onlangs was daar egter 'n tekort aan die bloutongentstof, die geïnaktiveerde slenkdalkoorsentstof en die perdesiekte-entstof.

"Die verlede gee vir ons 'n baie duidelike prentjie van hoe die toekoms gaan lyk. Dit onderstreep die feit dat OBP nooit daartoe in staat sal wees om genoeg entstowwe vir die veebedryf te produseer nie.

"Altesaam 1,2 miljoen huishoudings is tans die eienaars van vee en 40% van die vee in Suid-Afrika behoort aan die opkomende sektor. Dit is dus duidelik dat kudde-immuniteit reeds in die gedrang is. Indien die huidige situasie vir nog twee seisoene voortduur, sal dit kritiek raak. Dan sal Suid-Afrika waarskynlik uitbrekings van slenkdalkoors, bloutong en perdesiekte sien," het Schutte gesê.

'n Siekte soos slenkdalkoors is 'n soönotiese siekte en hou 'n risiko vir mense in. "Daarom kan Suid-Afrika dit nie bekostig om nié voldoende entstowwe te hê nie."

'n Tekort aan entstowwe het 'n ernstige en afbrekende uitwerking op die produksie van vee. Dit lei tot laer produksie, hoër vrektes en hoër ondoeltreffendheid.

Dit het ook 'n uitwerking op uitvoer, nie net omdat minder vleis geproduseer word nie, maar omdat dit moeilik is om bilaterale handelsooreenkomste te sluit – veral gesien in die lig dat Suid-Afrika nie meer as 'n sone vry van bek-en-klouseer erken word nie. Schutte meen die situasie is veel erger as Suid-Afrika nie daartoe in staat is om teen die meeste van die veesiektes wat plaaslik voorkom, in te ent nie.

UITBREKING DALK ONVERMYDELIK

Ten opsigte van slenkdalkoors is die situasie selfs meer benard in die wolbedryf, aangesien dit 'n groot uitwerking op uitvoer het. Internasionale handel, veral met China, is ernstig beïnvloed.

Volgens Schutte kan die veebedryf hom as gelukkig ag dat 'n uitbreking van slenkdalkoors nog nie voorgekom het nie. Die onlangse nat seisoene hou egter 'n groot risiko in. Nat seisoene lei tot groter bevolkings van vlieënde en bytende insekte. Die risiko van insekoorgedraagde siektes is hoog.

"Die veebedryf het die gepaste entstowwe dringend nodig," het Schutte beklemtoon.

Schutte het aan *Landbouweekblad* gesê is dit is allerweë bekend dat die antwoord vir die probleem met entstowwe in die vrye mark opgesluit is. "Die vrye mark is gereed om tekorte aan te vul. Daar is verskeie aanlegte van hoogstaande gehalte wat reeds entstowwe vervaardig."

'n Aantal registrasies vir middels ingevolge die Wet op Misstowwe, Veevoere, Landboumiddels en Veemiddels (Wet 36 van 1947) is reeds goedgekeur. Volgens Schutte sloer die proses vir die registrasie van die bloutongentstof en die geïnaktiveerde slenkdalkoorsentstof egter al die afgelope twee jaar.

Die nasionale dieregesondheidsforum het Serage versoek om druk te plaas sodat die registrasies vir dié entstowwe dringend goedgekeur word. **LBW**

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102**
E-POS: **rpo@lantic.net** | WEBWERF: **www.rpo.co.za**